**Hulpmiddel* aan gemeentes in die NG Kerk**

**AMPTELIKE BERIGTE IN *KERKBODE***

1. **Verwysing na *Kerkbode* in die Kerkorde (2019)**

In die Kerkorde van 2019 word daar verskeie kere in die reglemente verwys na kerkvergaderings se verantwoordleikheid om berigte aan *Kerkbode* deur te gee wat onder Amptelike kennisgewing in *Kerkbode* gepubliseer met word.

Die volgende is bepalings in die onderskeie reglemente:

a. **Benoeming van dosente**

Reglement 11 bepaal in 3.1.3:

| |
|---|
| 3.1.6 Die benoeming en akkreditering van teologiese dosente deur die kuratorium, word in die *Kerkbode* vir approbasie deur die kerkverband voorgelê. |

**Kennisgewing aan *Kerkbode*:**

Die plaaslike Kuratorium behoort Kerkbode in kennis te stel met min of meer die volgende bewoording:

*Hiermee gee die Kuratorium van die Universiteit van Pretoria aan die breë kerkverband kennis dat dr Pieter Johannes van der Merwe as teologiese dosent beroep is met opdrag: Nuwe Testament.*

*Die naam word voorgehou met die oog op approbasie aan die kerkverband en enige besware kan ingedien word tot en met ___________ (twee publikasie datums van Kerkbode)(vgl Reglement 11.3.1.6, Kerkorde 2019) by:*

*Die Voorsitter*
*Kuratorium Universiteit Pretoria*
*Epos: ______________________ Sel no: _______________________________*

b. **Verlies van bevoegdheid**

Reglement 12 bepaal in 8.3.3

| |
|---|
| 8.3.3 Die Algemene Taakspan Predikantesake gee in die *Kerkbode* kennis van die verlies van bevoegdheid. |

**Kennisgewing aan *Kerkbode*:**

Die ATP behoort hiervan Kennis te gee aan Kerkbode as volg:

*Die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) gee hiermee kennis dat broer/suster Pieter Arnoldus Poggenpoel sy bevoegdheid tydelik/permanent verloor het deur die toepassing van Artikel 64:5.4.3 (of artikel 64:5.4.4*

*Bestuurder ATP – Dr L Ungerer*

En in 15.2

| |
|---|
| 15.2 Die vasgestelde fooie word in die *Kerkbode* gepubliseer en aan die sinodes, kerkrade en gelegitimeerdes deurgegee. |

**Kennisgewing aan *Kerkbode*:**

Die ATP behoort hiervan Kennis te gee aan Kerkbode as volg:

*Die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) gee hiermee kennis dat die Bedryfspan op sy vergadering van 14 April 2022 die jaarlikse ABR registrasiefooie vir die jaar 2022-2023 die bedrag van R 500-00 (vyfhonderd) per jaar vir predikante en R 50-00 (vyftig) per jaar vir proponente en sekere emeriti bepaal.*

*Gelegitimeerdes sal binnekort hulle jaarlikse aanmeldingsdokumente asook registrasiefooie fakture ontvang. Die betaling moet asb nie later as 31 Julie 2022 gemaak word nie*

*Bestuurder ATP – Dr L Ungerer*

**c. Beroeping**

Reglement 13 het verskeie verwysings na publikasie/kennisgewing in *Kerkbode*

Reglement 13 bepaal in 3.2.1

| |
|---|
| 3.2.1 die goedkeuring (approbasie) van die kerkverband deur bekendmaking van die benoeming in die *Kerkbode* verkry word; en |

**Kennisgewing aan *Kerkbode*:**

Die betrokke kerklike vergadering (ring, sinode of algemene sinode) behoort Kerkbode in kennis te stel met min of meer die volgende bewoording:

*Hiermee gee die Ring/Moderatuur.ASM aan die breë kerkverband kennis dat dr Pieter Johannes van der Merwe as Algemene Sekretaris benoem is met opdrag: Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode*

*Die naam word voorgehou met die oog op approbasie aan die kerkverband en enige besware kan ingedien word tot en met __________ (twee publikasie datums van Kerkbode)(vgl Reglement 13.3.1.2, Kerkorde 2019) by:*

*Die Voorsitter*
*Noordelike Sinode*
*Epos: ____________________ Sel no: ____________________________*

Reglement 13:4.1 het bepalings oor advertensie in Kerkbode

| | |
|---|---|
| 4.1 | Die kerkraad bepaal die posvereistes en kan die pos in die *Kerkbode* bekend stel. |

***Kennisgewing aan Kerkbode:***

*Die betrokke kerklike vergadering (kerkraad, ring, sinode of algemene sinode) behoort Kerkbode in kennis te stel met min of meer die volgende te bevat:*

*Bekendstelling van die pos wat geadverteer word (voltyds, deeltyds, diensleraar ens)*

*Kort bekendstelling van die gemeente (stedelik. Plattelandse, getal lidmate ens)*

*Posbeskrywing en vereistes (die verwagtings waaraan die ideale kandidaat moet voldoen)*

*Wyse van aansoek (indien van CV, vraelys ens)*

*Kontak besonderhede*

*NB: Gemeentes moet waak teen enige diskriminerende vereistes wat gestel word ten opsigte van ouderdom, geslag, huwelikstatus ens nie*

Reglement 13 bepaal die volgende met die oog op beroeping:

| | |
|---|---|
| 4.2.4 | die naam van die beroepende gemeente en die datum van die beroepsvergadering kan onder amptelike berigte in die *Kerkbode* geplaas word en gelegitimeerdes kan sodoende versoek word om hulle name tesame met 'n *curriculum vitae* aan die skriba van die kerkraad te stuur vir vooraf plasing op die groslys. |

***Kennisgewing aan Kerkbode:***

*Na my mening kan hiervan net kennis geneem word Dit word nie in die NG Kerk gebruik nie*

In terme van die beroeping en aanvaarding van 'n beroep/benoeming bepaal Reglement 13:

6.2 Die *Kerkbode* word onverwyld deur die skriba in kennis gestel van die uitbring van die beroep (later ook van die aanneming of bedanking daarvan).

7.4 Waar ’n benoeming deur die kerkverband gemaak word (vergelyk artikel 8.2 van die *Kerkorde*), verkry die vergadering wat die benoeming maak die goedkeuring van die kerkverband deur bekendmaking van die benoeming in die *Kerkbode* en word die stukke genoem in 7.3.1 tot 7.3.6 hierbo aan die sinodale regskommissie /kerkordekommissie of sy gevolmagtigde voorgelê vir goedkeuring.

10.8 Die kerkraad of ander kerkvergadering stel die betrokke ring, die sinodale kantoor, die Algemene Taakspan Predikantesake en die *Kerkbode* onverwyld in kennis van die bevestiging, met vermelding van:

**Kennisgewing aan *Kerkbode*:**

Die betrokke kerklike vergadering (gemeente, ring, sinode of algemene sinode) behoort *Kerkbode* in kennis te stel met min of meer die volgende bewoording:

*Hiermee gee die Kerkraad/Ring/Moderatuur/ASM kennis dat ds Pieter Johannes van der Merwe beroep is na die NG Gemeente Bobbejaanberg as voltydse/deeltydse predikant.*

*Ds van der Merwe word bevestig op 1 September 2022 en lewer sy intreepreek op Sondag 3 September 2022*

*Die Skriba*
*Kerkraad Bobbejaanberg*

*Epos:* ____________________ *Sel no:* ____________________________

Daar is wel ook die volgende bepaling in Reglement 13:

10.8 Die kerkraad of ander kerkvergadering stel die betrokke ring, die sinodale kantoor, die Algemene Taakspan Predikantesake en die *Kerkbode* onverwyld in kennis van die bevestiging, met vermelding van:

10.8.1 die basiese biografiese besonderhede van die persoon wat bevestig is;

10.8.2 die vorige gemeente/werkkring;

10.8.3 die datum waarop die bevestiging plaasgevind het;

10.8.4 die gemeente waarin die persoon bevestig is;

10.8.5 die naam van die persoon wat die bevestiging waargeneem het; en

10.8.6 die moontlike verandering in bevoegdheid wat plaasgevind het.

***Kennisgewing aan Kerkbode:***

*Na my mening is die vorige kennisgewing genoegsaam om na Kerkbode te stuur. Die bepalings vanaf 10.8.1 tot 10.8.6 behoort aan die betrokke ring, sinode kantoor en ATP gestuur te word. Dit is gerig op die administratiewe sake wat verband hou met beroeping en bevestiging*

Insake emeritering bepaal Reglement 13

| |
|---|
| 12.6 Die skriba van die ring stel die betrokke sinodale kantoor, die pensioenkantoor, die Algemene Taakspan Predikantesake én die *Kerkbode* van die emeritering in kennis. |

***Kennisgewing aan Kerkbode:***

*Die betrokke kerklike vergadering (gemeente, ring, sinode of algemene sinode) behoort Kerkbode in kennis te stel met min of meer die volgende bewoording:*

*Hiermee gee die Kerkraad/Ring/Moderatuur/ASM kennis dat ds Pieter Johannes van der Merwe op 31 Mei 2022 emeriteer. Sy afskeidsdiens vind plaas op 28 Mei 2022.*

*Die Skriba*
*Kerkraad Bobbejaanberg*

*Epos:* ______________________ *Sel no:* ________________________________

**d. Stigting van nuwe gemeente**

Reglement 27 bepaal as volg:

| |
|---|
| 1.1.5 Die stigting van ’n nuwe gemeente geskied deur die ring of die ring se gevolmagtigde op las van die ring, tydens ’n vergadering waarvan vier weke vooraf in die *Kerkbode* kennis gegee is, en waarheen die belanghebbendes uit die betrokke gemeente(s) opgeroep is. Die betrokke lidmate het deur die ondertekening van die ooreenkoms reeds die stigting van die gemeente goedgekeur en stem op hierdie vergadering nie weer oor die saak nie. |

**Kennisgewing aan *Kerkbode*:**

Die betrokke ring/ringskommssie behoort *Kerkbode* in kennis te stel met min of meer die volgende bewoording:

*Hiermee gee die Ring/ringskommissie kennis dat die nuwe gemeente wat bekend sal staan as die NG FAMILIEKERK DRAKENSBERG afgestig het van die NG Gemeente DRARENSVALLEI. Die NG FAMILIEKERK DRAKENSBERG word op 1 September 2022 in die saal van die Laerskool*

*Drakensberg gestig. Tydens hierdie stigtingsvergadering sal daar ook onder leiding van die Ringskommissie 'n kerkraad van 7 ouderlinge en 7 diakens verkies word.*

*Ds van Zyl*

*Ringskriba*

*Ring van Plettenbergbaai*

Vir hierdie proses word verwys na Reglement 27

1.1.7 Tydens hierdie vergadering wat onder leiding van die ring of die ring se gevolmagtigde staan, word die kerkraadslede van die nuwe gemeente met opsteek van hande verkies en wel deur die belydende lidmate wat deur hul handtekeninge reeds tot die stigting van die gemeente ooreengekom het.

**'n Laaste woord**

Wat my betref is dit slegs in hierdie gevalle waar die kerklike vergaderinge en/of kerklike funksionarisse die verpligting het om berigte aan Kerkbode deur te stuur.

Alle ander berigte oor of uit gemeentes sal die redakteur/redaksie myns insiens moet oordeel wat publiseerbaar is en wat nie

Dewyk Ungerer

Aktuarius Algemene Sinode

30 Augustus 2022

---

**** Hierdie hulpmiddel is deur dr Ungerer ontwikkel op versoek van* Kerkbode *in die hoop om die kommunikasiediens wat* Kerkbode *aan gemeentes lewer te vergemaklik en te verbeter. Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) vir meer inligting.***